Dinsdag **8 Oktober**

**Skrifgedeelte: Jesaja 54:5-14**

**Fokusgedeelte: Jesaja 54:7-8 (AFR83)**

**Ek het my gesig maar net ’n oomblik verberg**

Israel is weggevoer in ballingskap as gevolg van hulle sondige opstandigheid teen die Here. In Babel is hulle mismoedig omdat hulle voel asof hulle alles verloor het – in besonder die tempel. Vir hierdie Israeliete voel dit asof die Here hulle heeltemal verlaat en weggegooi het. Jesaja vergelyk hulle daarom met ’n vrou wat deur haar man verstoot is, maar steeds aanhou roep na hom.

Dan kom die hoopvolle nuus, want hierdie verstoting is nie vir ewig nie. Ons lees in Hosea 11:8 dat die Here dit nie oor sy hart kan kry om Israel te vernietig nie, sy liefde brand eenvoudig te sterk vir sy verbondsvolk. Hierdie verstote vrou word getroos met die belofte van herstel: die Here het maar net vir ’n oomblik sy gesig verberg. Daar is niks wat God se liefde vir sy verbondsvolk kan keer nie, selfs nie Israel se volgehoue sonde en opstandigheid nie. Hierdie tugtiging is maar net tydelik en die Here gebruik dit om sy volk weer nader aan Hom te lei.

Vandag kan gelowiges ook geweldige groot troos hieruit put. Ons word ook met ’n vrou vergelyk, maar ’n besondere vrou! Ons is die bruid van Christus wat Hy so liefgehad het dat hy bereid was om sy kosbare bloed vir haar te stort sodat sy losgekoop kan wees van die vloek van die sondeskuld. Juis daarom kan ons altyd op Hom bly vertrou. Ons kan altyd vertrou dat die Here sy verbondsbeloftes sal onthou.

Wanneer dit vir ons voel asof ons soms alleen is of dat die Here sy gesig van ons verberg, moet ons onthou om terug te gaan na die Here se beloftes. Hy gooi nooit sy kinders wat Hy liefhet, weg nie. Ons het die waarborg dat Hy in sy ewige troue liefde Homself oor sy kinders sal ontferm.

*Sing: Psalm 30-1:2, 7*

*Ds. P (Philip) Hattingh (Bloemhof/Christiana)*